NNNNZCZC 058
AAHQ16 FAME 230705
MP 103

M49-028

AMPTELIK: MARION TO HQ

AANDAG: RHONECIA WESSELS

HALLO RHONECIA,

OK, HIER VOLG DIE NUUSBRIEF VIR DIE MAND APRIL 1992

NUUSBRIEF: APRIL 1992
==========

ONS EERSTE MAAND OP MARION IS OP SY EINDE. ALMAL HET KLAAR NESGESKROP EN HULLE BLYPLEKKE GEMAKLIK GEKRY VIR DIE JAAR WAT VOORLE. DIE JAGTERS GENIET DIE GROOT HUT NA HULLE EERSTE SESSIE. ANDREW EN HEIN HET N DAG VROER AANGEKOM WANT DIE WEER WAS GLO SLEG..... HULLE HET SEKER DIE ROSYNTJIEBROOD GERUIK WAT GREG GEBAK HET. KEVIN EN SEAN HET N BIETJIE LANGER GENEEM WATN SEAN RAAK MOS WEG AS HY DEUR DIE PIKKEWYNE MOET STAP, MENS SIEN HOM NIE. SAANS IS DIT BAIE BEDRYWIG IN DIE KOMBUIS WANNEER DIE MANNE HULLE KOOKVERNUF BEWYS, TEWIS IS ONS EIE KATRIENA KNAPHAND, ONS HET SELFS AL KOEKSUSTERS GEHAD. BRUCE HET SLAPELOSE NAGTE OOR BOLUG, HULL EHET AL VIR BETSIE DIE MONSTER GEKRY OM GAS TE MAAK.

MIKE WAS CAPE DAVIS TOE OM N RADIO TE HERSTEL, HY MISGIS HOM MET DIE PAD EN MOES TOE MAAR BUITE SLAAP SAAM MET ONS GELIEFDE OUMATJIE (ONS EIE SPOOK). N STUKKENDE GENERATOR HET VEROORSAAK DAT TEWIS N FLINKE STAPPIE VAN 4 URE NA REPETTOS HUT ONDERNEEM WAT GEWOONLIK 2 URE NEEM, DIT WAS SEKER DIE GEBOTTELDE GEREEDSKAP WAT HOM TERUG GEHOU HET. MET PIET VOEL SE STAP OM DIE EILAND HET HY BY ROOKS HUT VASGEHAAK EN AL DIE CLIFTON OPGEDRINK OM SY GEWELDIGE DORS TE LES. RUPERT EN TOJAN HET BOLUG ONDER DIE KNIE EN SAL NA N JAAR DIE PAD TOE-OE KAN LOOP. RUPERT HET BAIE GEHEG GERAAK AAN SY LANG ONDERBROEK, DIT LYK OF DIE 4 WAT ONS GEKRY HET TE MIN GAAN WEES WANT DIT IS AL WAT HY DRA. TOJAN GENIET DIE GIMNASIUM TERDEE, ONS MOET NET KEER OF HY OEFEN TE HARD. BRUCE EN NICO WERK LAAT DIE BIESIES BEWE MAAR IS ALTYD BETYDS VIR ETES, NOC VERLANG NET ERNSTIG NA N ROOIKOP. BRUCE IS BEDRYWIG MET SY PLANTE EN IS MAAR VERSIGTIG OM UIT TE GAAN AS DIE WIND WAAI ANDERS GAAN HY NA PLEKKE WAAR HY NIE WIL WEES NIE.

GREG GENIET SY SENSUS WERK EN IS VOL BESPREEK MET MANNE WAT WIL SAAMGAAN. COLLIN HET BEGIN BREI EN ANDRE MOES EINDELOSE GEDULD HE MET SY GEKLA WANNEER DIE STEKE VAL. GERALD IS ELKE DAG DOENIG MET DIE REKENAAR EN HET BESLUIT HY WIL LIEWER IN N 'STAL' BLY. DIE GROOTSTE OPERASIE WAT C.T. NOG GEDOEN HET WAS OM VIR RUPERT EN ANDREW OORRINGE IN TE SIT, HULLE HET GESKREEU SOOS KLEIN HONDJIES.

C.T. VAN DER MERWE